

# Vrydag 28 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 51:15-19  
(1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Jeremia 51:15,  
17a

## **Die Here se krag en wysheid en mense se domheid!**

Nebukadnesar het gesorg vir die hoë opbloei van die ryk van Babel. Eers is die Assiriërs uit Babel verdryf, Egipte het deurgeloop. En toe gebruik God hom as sy dienaar en hamer om Juda tot inkeer te bring. Die magtige Babel met sy neerhangende tuine het hy gevestig. Op elke plaveisteen was die naam Nebukadnesar ingegrif! Jeremia bring die boodskap dat Babel se dag van afrekening sal kom. Dit het inderdaad gebeur. God skuif 'n onverwagse item in op die feesprogram van Belsasar met sy skrif teen die muur (Dan. 5:5). Die Meders het die stad ingeneem. Babel se afgode, Bel en Mardoek, was niks werd konstruksies van dom mense. Die Here leer ons in Jeremia 51:17 dat wanneer 'n mens God se krag en wysheid ontdek "sien elke mens hoe dom, hoe sonder kennis" hy in homself is. Elke mens wat nie voor God se alleenheerskappy buig nie, noem Hy dom. In Psalm 14 lees ons: "Die dwaas dink daar is geen God nie."

Jeremia vertel wie die Here eintlik is. "Dit is die Here wat met sy krag die aarde gemaak het, wat met sy wysheid die wêreld gevestig het en met insig die hemel oopgesprei het." Wie kan met Hom vergelyk word? Wie besit die kombinasie van krag, wysheid en insig? Die heelal en elke skepsel, ook jy is die uitstalvenster van God se krag, wysheid en insig.

In die Nuwe Testament word hierdie deugde van God nog duideliker uitgespel. Teenoor mense wat dink dat die prediking van Christus se dood en opstanding dwaasheid is, sê Paulus in 1 Korintiërs 1:24: "Ons verkondig Christus die krag van God en die wysheid van God." God se krag en wysheid skitter in Christus se woorde en werke. Al sy preke en wonders was bedoel om hierdie onoortreflike krag en wysheid van God ten toon te stel en mense tot aanbidding te bring. Wie anders is daar wat die dood en alle vyandsmagte kan oorwin?

God se krag en wysheid het deur Christus en die Heilige Gees in jou lewe ingekom. Dit het jou sondige domheid oorwin. Jy is nou 'n wyse mens wat uit sy krag wil leef. Verwonder jou daarvoor en geniet dit!

*Sing: Psalm 146-1:3, 4*

*Dagstukkies Almanak 2010*